



# education

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 10**

**AARDRYKSKUNDE VS 1**

**NOVEMBER 2006**

**PUNTE: 225**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 'n 8 bladsy-addendum.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.
2. Beantwoord DRIE vrae wat soos volg gekies moet word:  
  
EEN uit AFDELING A  
EEN uit AFDELING B  
'n DERDE vraag uit AFDELING A óf AFDELING B
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

**AFDELING A**

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 1**

- 1.1 Kies die korrekte woord uit die lys wat hieronder voorsien is om die daaropvolgende sinne te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.10) en die korrekte woord neer, byvoorbeeld 1.1.16 isostasie.

aardbewing; verdamping; episentrum; reliëf; grondkruip; bioom; isobare; verwoestyning; temperatuurinversie; isoterme; straling; isolasie; Richterskaal; Moho-vlak

- 1.1.1 Die ... is die punt op die aarde se oppervlak, direk bokant die kern van 'n aardbewing.
- 1.1.2 Die mees langsame afbeweging/gly van grond teen 'n helling, staan as ... bekend.
- 1.1.3 Die proses bekend as ..., is waar 'n gebied al droër word.
- 1.1.4 'n ... word gebruik om die grootte en spoed van 'n seismiese golf tydens 'n aardbewing te meet.
- 1.1.5 Die ... is die breekpunt waar die mantel van die kors geskei word.
- 1.1.6 ... reëns word gevorm wanneer warm lug bokant 'n berg uitstyg.
- 1.1.7 Die hoeveelheid sonenergie wat die aardoppervlak bereik, word ... genoem.
- 1.1.8 Lyne wat plekke met dieselfde temperatuur op 'n kaart verbind, word ... genoem.
- 1.1.9 Wanneer temperatuur met 'n toename in hoogte styg, staan dit as ... bekend.
- 1.1.10 Vereistes vir kondensasie is ..., genoeg kondensasiekerne en voldoende opstygning van lug. (10)

- 1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1 - 1.2.5) in die antwoordeboek neer.
- 1.2.1 'n Sinoptiese weerkaart verskaf 'n opsomming van die weer-toestande.
- 1.2.2 'n Anabatiese wind kom gedurende die nag voor.
- 1.2.3 'n Barometer word gebruik om die windspoed te meet.
- 1.2.4 'n Woestyngebied is droog en daarom sal chemiese verwerking die belangrikste soort verwerking in hierdie gebied wees.
- 1.2.5 'n Mesa is 'n goeie voorbeeld van 'n landvorm wat in droë gebiede voorkom. (5)
- 1.3 FIGUUR 1.3 A en FIGUUR 1.3 B toon lugsirkulasies wat op klein skaal in valleigebiede voorkom aan.
- 1.3.1 Gee toepaslike opskrifte vir FIGUUR 1.3 A en FIGUUR 1.3 B onderskeidelik en dui langs elke opskrif aan of die toestande gedurende die dag of nag plaasvind. (4 x 2) (8)
- 1.3.2 Verduidelik die ontstaan van die lugsirkulasie in FIGUUR 1.3 B. (3 x 2) (6)
- 1.4 TABEL 1.4 hieronder dui die reënvalsyfers vir Mbabane aan.

Jan	Feb	Maart	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sept	Okt	Nov	Des
243	212	186	71	34	19	23	28	62	128	169	213




\* Syfers is in millimeter.

- 1.4.1 Dui die reënvalsyfers in die vorm van 'n staafgrafiek aan. Gebruik 'n vertikale skaal waar 1 cm, 50 mm voorstel. (1 x 12) (12)
- 1.4.2 Watter maand het die hoogste reënval? (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Watter seisoen het die hoogste reënval? (1 x 2) (2)

- 1.5 Bestudeer FIGUUR 1.5 wat 'n tipe berg aantoon en beantwoord die volgende vrae:
- 1.5.1 Identifiseer die tipe berg. (1 x 2) (2)
- 1.5.2 Noem die proses verantwoordelik vir die vorming van die berg. (1 x 2) (2)
- 1.5.3 Verduidelik die proses wat in VRAAG 1.5.2 plaasvind. (3 x 2) (6)
- 1.5.4 Die berg in FIGUUR 1.5 kan in DRIE tipes geklassifiseer word. Noem die DRIE tipes berge. (3 x 2) (6)
- 1.6 Tydens 'n aardebewing in Indonesië op 29 Mei 2006, is meer as 3 700 mense dood. Op 17 Julie 2006 het 'n tsunami die gebied getref. Bestudeer die bygaande FIGUUR 1.6 A en FIGUUR 1.6 B en beantwoord die volgende vrae:
- 1.6.1 Watter dorp het die ergste onder die tsunami deurgeloop? (1 x 2) (2)
- 1.6.2 Het die tsunami die dorp gedurende die dag of nag getref? Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)
- 1.6.3 Waar, aan die noorde- of die suidekant van die eiland Java, is die episentrum geleë? (1 x 2) (2)
- 1.6.4 Verduidelik in volsinne hoe 'n tsunami ontstaan. (3 x 2) (6)
- [75]**

**VRAAG 2**

- 2.1 Bestudeer TABEL 2.1 en beantwoord die volgende vrae:
- 2.1.1 In watter eenhede word eras ingedeel?
- 2.1.2 As wat staan die jongste era bekend?
- 2.1.3 Hoe lank gelede het die aarde ontstaan?
- 2.1.4 Steven Spielberg se film oor dinosourusse heet ... *Park*.
- 2.1.5 Die Jurassiese periode was gedurende die ...-era.
- 2.1.6 In watter era het visse, reptiele en amfibieë ontstaan?
- 2.1.7 Watter kenmerk het die liggame van organismes in die prekambriese era gehad?
- 2.1.8 Wat is 'n *fossiel*? (8)

- 2.2 Gee die korrekte term vir elk van die volgende beskrywings:
- 2.2.1 Die oordrag van hitte van molekule tot molekule binne-in 'n stof
- 2.2.2 Inkomende solêre radiasie
- 2.2.3 Die oordrag van hitte deur die massabeweging van molekules van een plek na 'n ander; slegs in vloeistof en gas
- 2.2.4 Die atmosfeer word deur die aarde verhit (4)
- 2.3 Noem die volgende weersimbole:
- 2.3.1 
- 2.3.2 
- 2.3.3 
- (3)
- 2.4 Bestudeer FIGUUR 2.4 in verband met die struktuur van die atmosfeer en beantwoord die volgende vrae:
- 2.4.1 In watter laag van die atmosfeer woon ons? (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Is waterdamp, suurstof en stikstof in die troposfeer teenwoordig? (1 x 2) (2)
- 2.4.3 In watter laag van die atmosfeer kom die osoonlaag voor? (1 x 2) (2)
- 2.4.4 In watter TWEE lae styg die temperatuur met 'n toename in hoogte? (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Wat word die proses waarna daar in VRAAG 2.4.4 verwys word, genoem? (1 x 2) (2)
- 2.4.6 Wat is die *atmosfeer*? (1 x 2) (2)
- 2.4.7 Verskaf redes waarom die atmosfeer vir menslike voortbestaan belangrik is. (5 x 2) (10)
- 2.4.8 Wat word met *wisselende* en *permanent gasse* bedoel? (2 x 2) (4)
- 2.4.9 Watter rol speel mikroskopiese deeltjies in die atmosfeer? (1 x 2) (2)

2.5 Bestudeer FIGUUR 2.5 wat 'n deel van die interne struktuur van die aarde voorstel en beantwoord die volgende vrae:

Assosieer die volgende stellings met óf X óf Y óf Z. Skryf slegs die letter teenoor die vraagnommer (2.5.1 - 2.5.9) in die antwoordeboek neer.

2.5.1	Bestaan uit silikon en magnesium	(1 x 2)	(2)
2.5.2	Bestaan uit silikon en aluminium	(1 x 2)	(2)
2.5.3	Word tussen die kern en die kors gevind	(1 x 2)	(2)
2.5.4	Die rotsmateriaal in hierdie laag kom in 'n plastiese toestand voor	(1 x 2)	(2)
2.5.5	Die onderste laag van die kors	(1 x 2)	(2)
2.5.6	Vorm die kontinente	(1 x 2)	(2)
2.5.7	Die deurlopende laag van die kors	(1 x 2)	(2)
2.5.8	Die sima-laag is in hierdie laag ingedruk	(1 x 2)	(2)
2.5.9	Die hoofrotstipe is graniet	(1 x 2)	(2)

2.6 Bestudeer FIGUUR 2.6, naamlik die Groot Skeurvallei van Afrika, en beantwoord die volgende vrae:

2.6.1	Gebruik die kaartskaal om die gemiddelde breedte van die Skeurvallei te bereken.	(2 x 2)	(4)
2.6.2	Wat is 'n <i>skeurvallei</i> ?	(1 x 2)	(2)
2.6.3	Noem EEN van die groot mere wat op die vloer van die Groot Skeurvallei van Afrika aangetref word.	(1 x 2)	(2)
2.6.4	Hoe word 'n skeurvallei gevorm?	(2 x 2)	(4)

**[75]**

**TOTAAL AFDELING A: 75**

**AFDELING B**

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 3**

3.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (3.1.1 - 3.1.15) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 3.1.16 D.

3.1.1 Die ... van 'n land verwys na die totale aantal babas wat per 1 000 van die bevolking per jaar gebore word.

- A bevolkingsgroei
- B sterftesyfer
- C geboortesyfer
- D demografie

3.1.2 Die ... van 'n land verwys na die totale aantal sterftes per 1 000 mense per jaar.

- A bevolkingsgroei
- B sterftesyfer
- C geboortesyfer
- D demografie

3.1.3 'n Hoë geboortesyfer en 'n hoë sterftesyfer het 'n ... bevolkingsgroei tot gevolg.

- A hoë
- B geen
- C toename in
- D lae

3.1.4 'n Hoë geboortesyfer, terwyl die sterftesyfer daal, het 'n ... bevolkingsgroei tot gevolg.

- A hoë
- B geen
- C afname in
- D lae

3.1.5 'n ... is 'n grafiese voorstelling van die persentasie mans en vroue in verskillende ouderdomsgroepe.

- A Bevolkingspiramide
- B Staafgrafiek
- C Lyngrafiek
- D Sirkeldiagram

- 3.1.6 Wanneer mense 'n bepaalde land of gebied binnekom, staan dit as ... bekend.
- A natuurlike toename in bevolking
  - B immigrasie
  - C emigrasie
  - D Geeneen van die bogenoemde nie
- 3.1.7 Die volgende gewoontes kan tot 'n hoë lewensverwagting bydra:
- A Armoede en drankmisbruik
  - B Rykdom en drankmisbruik
  - C Goeie mediese sorg en oefeninge doen
  - D Om te rook en oefeninge te doen
- 3.1.8 Die menslike immunitetsgebreksindroom is beter bekend as ...
- A suikersiekte.
  - B tering.
  - C MIV.
  - D Vigs.
- 3.1.9 'n Land met 'n hoë lewenstandaard en rykdom is 'n ... land.
- A intermediêre
  - B ontwikkelende
  - C ontwikkelde
  - D Geeneen van die bogenoemde nie
- 3.1.10 Die onregverdigte behandeling van 'n persoon op grond van ras staan as ... bekend.
- A etniese suiwering
  - B rassisme
  - C armoede
  - D xenofobie
- 3.1.11 President ... is die inisierder van die Afrika Renaissance.
- A Mbeki
  - B Bush
  - C Mobutu Sese Seko
  - D Kabila
- 3.1.12 Die afkorting NRO's beteken dat dit organisasies is wat ...
- A net buite hulle landsgrense werk.
  - B nie aan regerings verbind is nie.
  - C aan die regering verbonde is en deur die regering besit word.
  - D net op arbeidsake fokus.

3.1.13 Die volgende is 'n voorbeeld van 'n Suider-Afrikaanse organisasie:

- A EU
- B NAFTA
- C SAOG
- D VN

3.1.14 Die volgende is 'n voorbeeld van 'n kontinentale organisasie:

- A EU
- B SARK
- C SAOG
- D VN

3.1.15 Die volgende is 'n voorbeeld van 'n wêreldorganisasie:

- A EU
- B NEPAD
- C SAOG
- D VN

(15)

3.2 Bestudeer TABEL 3.2 wat die geboorte- en sterftekoers van sommige lande aantoon en beantwoord die volgende vrae:

- |        |  |         |     |
|--------|--|---------|-----|
| 3.2.1  | Verduidelik die term <i>geboortekoers</i> .  | (1 x 2) | (2) |
| 3.2.2  | Verduidelik die term <i>sterftekoers</i> .   | (1 x 2) | (2) |
| 3.2.3  | Watter land het die hoogste geboortekoers?   | (1 x 2) | (2) |
| 3.2.4  | Watter land het die laagste sterftekoers?  | (1 x 2) | (2) |
| 3.2.5  | Wat is die verhouding tussen die geboortekoers en die vlak van ontwikkeling van 'n land? | (1 x 2) | (2) |
| 3.2.6  | Bereken die koers van die natuurlike aanwas vir Frankryk.                                | (1 x 2) | (2) |
| 3.2.7  | Watter land toon die hoogste groeikoers?   | (1 x 2) | (2) |
| 3.2.8  | Watter land toon die laagste groeikoers?   | (1 x 2) | (2) |
| 3.2.9  | Watter land toon 'n statiese groeikoers?   | (1 x 2) | (2) |
| 3.2.10 | Noem EEN ontwikkelende land en gee 'n rede vir jou antwoord.                             | (2 x 2) | (4) |
| 3.2.11 | Noem EEN ontwikkelde land en gee 'n rede vir jou antwoord.                               | (2 x 2) | (4) |
| 3.2.12 | Wat beteken 'n <i>zero (geen) bevolkingsgroei</i> ?                                      | (1 x 2) | (2) |

- 3.2.13 In watter land sal die voorsiening van dienste meer as voldoende wees? (1 x 2) (2)
- 3.3 Bestudeer die ARTIKEL (FIGUUR 3.3) wat oor die TAC handel en beantwoord die volgende vrae:
- 3.3.1 Noem TWEE hoofdoelwitte van die TAC. (2 x 2) (4)
- 3.3.2 Hoekom aanvaar die TAC nie donasies van die regering en van die aptekersmaatskappye nie? (2 x 2) (4)
- 3.3.3 Wie is die lede van die TAC? (2 x 2) (4)
- 3.3.4 Verduidelik hoekom die TAC 'n goeie voorbeeld van 'n nasionale organisasie is. (2 x 2) (4)
- 3.4 Bestudeer die ARTIKEL (FIGUUR 3.4) wat oor die storting van suiker handel en beantwoord die volgende vrae:
- 3.4.1 Waarvoor staan die afkorting *EU*? (1 x 2) (2)
- 3.4.2 Wat is die hoofdoel vir die stigting van Oxfam (gedurende die 2de Wêreldoorlog)? (1 x 2) (2)
- 3.4.3 Gee TWEE redes hoekom die WWF bekommerd oor die EU se storting van suiker in van die wêreld se armste lande is. (2 x 2) (4)
- 3.4.4 Waar kom die subsidies vandaan wat die EU sy boere vir hul suiker betaal? (1 x 2) (2)
- 3.4.5 Verduidelik hoe dit tot 'n oneweredige ontwikkelingspatroon van die wêreld bygedra het. (2 x 2) (4)

**[75]**

**VRAAG 4**

- 4.1 Pas die terme uit KOLOM B by die beskrywings in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A - S) langs die vraagnommer (4.1.1 - 4.1.15) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 4.1.16 S.

<b>KOLOM A</b>		<b>KOLOM B</b>	
4.1.1	'n Bevolkingspiramide kenmerkend van 'n ontwikkelde land	A	besoedeling
4.1.2	'n Bevolkingspiramide kenmerkend van 'n ontwikkelende land	B	xenofobie
4.1.3	Verwys na 'n ongegronde haat vir immigrante	C	hongersnood
4.1.4	Wanneer daar 'n uitermate skaarste of tekort aan voedsel is	D	ekonomies aktief
4.1.5	Die beskerming van die omgewing vir die nageslag	E	regressiewe piramide
4.1.6	'n Toenemende getal ouer mense in 'n bevolking	F	immigrasie
4.1.7	Die term wat gebruik word om gebiede waar min of geen mense bly nie, te beskryf	G	Verenigde Nasies
4.1.8	Die vernietiging van die natuur deur chemiese storting	H	ouerwordende bevolking
4.1.9	Die wêreldorganisasie wat na die 2de Wêreldoorlog gestig is om wêreldvrede te bewerkstellig	I	Japan
4.1.10	'n Studie van bevolkings	J	bevolkingsgroei
4.1.11	Die gedeelte van die bevolking wat werk en 'n inkomste verdien	K	demografie
4.1.12	Die toename in 'n land se bevolking	L	AU
4.1.13	Is 'n goeie voorbeeld van 'n ontwikkelende land	M	SAOG
4.1.14	Die organisasie wat die Organisasie van Afrika-Eenheid vervang het	N	Kenia
4.1.15	Die organisasie wat gestig is om ekonomiese samewerking en streeksintegrasie in die suidelike deel van Afrika bevorder	O	progressiewe piramide
		P	yl
		Q	geboortesifer
		R	bewaring
		S	EU

(15)

- 4.2 Bestudeer die ARTIKEL (FIGUUR 4.2) in verband met Singapoer se bevolkingsbeleid en beantwoord die volgende vrae:
- 4.2.1 Wat word onder die ou beleid van Singapoer wat sê 'stop by twee', verstaan? (1 x 2) (2)
- 4.2.2 Tot watter mate was die beleid suksesvol? (1 x 2) (2)
- 4.2.3 Watter impak het die beleid op die bevolkingstruktuur van Singapoer gehad? (1 x 2) (2)
- 4.2.4 Noem TWEE redes vir die aanvaarding van die beleid in 1987 wat sê 'drie of meer'? (2 x 2) (4)
- 4.2.5 Was die 'drie of meer'-beleid suksesvol om die bevolkingsgroei van Singapoer te verhoog? Gee TWEE redes uit die artikel om jou antwoord te staaf. (3 x 2) (6)
- 4.2.6 Noem DRIE aansporingsmaatreëls deur die regering om mense aan te moedig om drie of meer kinders te hê. (3 x 2) (6)
- 4.2.7 Verduidelik hoekom 'n bevolkingsbeleid soos dié (drie of meer kinders) nie in Suid-Afrika geïmplementeer sal kan word nie. Gee VIER redes. (4 x 2) (8)
- 4.3 Bestudeer die KAART (FIGUUR 4.3) van Suidelike Afrika en beantwoord die volgende vrae:
- 4.3.1 Lande van Suidelike Afrika behoort aan die SAOG. Waarvoor staan die afkorting SAOG? (1 x 2) (2)
- 4.3.2 Noem die VIER mees suidelike state wat lede van die SAOG is. (4 x 2) (8)
- 4.3.3 Is Suid-Afrika 'n lid van die SAOG? (1 x 2) (2)
- 4.3.4 Was Suid-Afrika 'n stigterslid van die SAOG? Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)
- 4.3.5 Wat is die doelwitte van die SAOG? (3 x 2) (6)
- 4.3.6 Noem TWEE probleme waarmee die SAOG gekonfronteer word. (2 x 2) (4)

- 4.3.7 Die gebruikstale van die SAOG is Engels, Frans en Portugees.  
Kyk na die kaart en verduidelik hoekom hierdie tale gebruik word.  
(2 x 2) (4)

**TOTAAL AFDELING B: 75**

**GROOTTOTAAL: 225**